




MIN SHAW
Liefde,
geluk en
sprokies
– Bl. 12

Jaargang 5 Uitgawe 5 **R10**
ink
Vrydag 8 Maart 2019



KARINA
E-posse
word
vlees
– Bl. 14



FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Beeld, musiek en stories

Brett Bailey – teatermaker sonder weerga

ONTDEK 'n NUWE Wêreld
saam met die ATKV
BY VANJAAR SE US WOORDFEES!

Ons omvangryke boekwinkel is terug met 'n fees van boeke vir oud en jonk. Ontmoet jou gunstelingskrywers en kuier saam in die hartjie van al die Woordfeesbedrywighede. Ons is van 1 tot 10 Maart op die grasperk voor Wilgenhof. Kom maak 'n draai!

ATKV-BOEK TENT

MÔRE, 9 MAART, SE PROGRAM IN DIE ATKV-BOEK TENT:

09:00	GAAN DIE NG KERK ONDER? – Jean Oosthuizen in gesprek met Johannes de Villiers. Aangebied deur Penguin Random House.
12:00	FRANK RAUTENBACH: THE VAGABOND – Met Karien Basson. Aangebied deur Lux Verbi.
14:00	HOT NOOT* – Gelei deur Heindrich Wyngaard. 'n Gesprek oor bruin/swart skrywers en denkers, soos Hein Gerwel, Jeremy Vearey, Jolyn Phillips en Leslie van Rooi, se belewenis van en bemoeienis met die Afrikaanse leef- en denkwêreld.
17:00	DIGTERSPARADYS – Met Frieda van den Heever as gasvrou. Aangebied deur Protea Boekhuis, Naledi en NB-Uitgewers.

Word vandag 'n lid van die ATKV deur "ATKV" na 44733* te SMS.
*Standaardtariewe geld.

@ATKVSA f ATKVSA www.atkv.org.za ATKV

Profiel

‘My boeie is los en ek is bevry’



Brett Bailey
FOTO'S: NARDUS
ENGELBRECHT

Brett Bailey se jongste stuk, *Samson*, open vanaand om 20:30 by die Woordfees. Met medewerkers soos Vincent Mantsoe (choreografie), Shane Cooper (musiek), Tanya P. Jansen (medestelontwerper), Wolf Britz (beligting) en Kirsti Cummings (video-animasie) kan gehore 'n multimedieproduksie verwag waarin Brett sy reputasie as regisseur en kunstenaar op elke vlak gestand doen. **Marina Griebenow** het by hulle repetisies met Brett gaan gesels.

Die kunstenaar en regisseur Brett Bailey het geen bekendstelling nodig nie. Al suig ons plaaslik effens aan die agterspeen, word sy verhoogproduksies en kunsinstallasies onder die vaandel van Third World Bunfight, sy produksie maatskappy, wêreldwyd opgevoer en baie hoog aangeslaan, al is dit dikwels ook omstrede weens die kwessies wat hy deur sy werk toelig.

“Die laaste werk wat ons in Suid-Afrika gedoen het, was *Macbeth*, in 2014. Voor dit het ons *Exhibit A* in 2012 gedoen en voor dit *Medea*. Ons kry min kans om ons werk hier te doen. Eintlik kan ons nie; dis net te duur. Toe ons dus deur die Woordfees genader word, het ons gedink dit is 'n wonderlike manier om ons werk in Suid-Afrika aan te bied,” verduidelik Brett onder die Zip Zapsirkulent waar hy en sy span in snikhete omstandighede repeteer aan sy jongste produksie, *Samson*.

Hy woon al die afgelope 14 jaar op die Spier-landgoed en was gevolglik bewus van die Woordfees, maar ken nie die werklike aard daarvan nie. Hy het verkeerdelik geglo dit is 'n Afrikaanse digtersfees. Hy beland toe in 2017 by *Piekniek by Mpande*, die herinterpretasie van *Piekniek by Dingaan*, en kom tot die besef die fees is soveel meer as wat hy gedink het. “Dit is 'n fees met 'n baie



Die regisseur en van sy spelers hard aan die repeteer.

groot program en het geklink na 'n opwindende plek om te wees,” bieg hy. “Die Woordfees het die produksie aangekoop, maar ons is die vervaardigers. Ons kry 'n bedrag geld by die Nasionale Lotery. Dit is wat die produksie werklik finansier. Die Woordfees, IFAS en die Nasionale Kunstefees

dra ook geldelik by. Ons doen dit dus ook later in die jaar weer in Makhanda.”

Ondanks ons gesprek oor finansies is dit duidelik dat sy kop baie meer by die kreatiewe aspekte van die werk is as by die administrasie. Daarvoor het hy sy vennoot Barbara Mathers. Terwyl

hy dink oor dinge wat nog aangekoop moet word vir die stel- of kostuumontwerp – hy doen self *Samson* se ontwerp – is Barbara besig met die logistieke reëlings.

“Ek word nie deur geld gedryf nie,” sê hy vurig. “Ek maak my werk soos ek glo ek my werk moet maak. Ek maak dit nie vir 'n spesifieke gehoor nie.”

Tog sê hy as die mense van die werk hou, maak dit hom gelukkig. Hy verwag dat mense tussen 20 jaar en 40 jaar oud by die werk aanklank sal vind, veral oor die musiek. “Die musiek is baie byderwets. Dit is presies wat op die oomblik in elektroniese musiek gebeur. Dis baie soos Radiohead.”

Hy het in Julie 2017 begin om aan *Samson* te werk, en temas soos migrasie, xenofobie, ongebreidelde kapitalisme, grondeise in ons eie land, kolonialisme, postkolonialisme en die wêreldwye uitbuiting en vernietiging van minerale en lewensbronne is alles ingesluit.

“Dit is die temas waarmee ek werk,” verduidelik hy. “Ek is 'n 'one-trick pony' as dit kom by my temas. Ek het ook 'n dwingende fassinatie met die mitologie. Ek het *Orfeus* gedoen, én *Medea*. Ek het belang gestel in hoe die Grieke hulle heilige geskrifte ontgin het om hulle komedies en tragedies te skep. Ek het toe na ons heilige geskrifte gaan kyk. Ek gaan toe na die Bybel toe, op

soek na 'n mite. Ek het gekyk na die verhale van Salomo, Paulus, verskeie profete, Adam en Eva, Kain en Abel, en selfs Noag, maar ek het telkens teruggekom na die Simson-storie. Ek het probleme daarmee gehad,” vertel hy.

“Ek het selfs 'n paar keer amper tou opgegooi. In Julie verlede jaar het ek gedink ek gaan dit nie kan doen nie. Ek kon nie 'n manier kry om dit te laat kliek nie. Wat op die ou einde die deurbraak gebring het, was dat ek nie meer so streng met myself was nie.”

Brett begin vertel wat agter alles geskuil het, en skielik maak sy huiwering meer sin.

“Daar was mos groot omstredeheid omtrent *Exhibit B* in Parys en Londen, en ek dink dit het regtig my selfvertroue geskaad. Die uitstallings in Londen is gekanselleer, maar nie in Parys nie. *Exhibit A* en *Exhibit B* was eintlik dieselfde produksie. Dit het gehandel oor koloniale vergrype en die manier waarop swart liggame benader is en hoe hulle van hulle menslikheid ontnem is weens kolonialisme. Dit het ook gekyk na die invloed van daardie benadering in die hede, waar xenofobie gerig is op mense wat 'anders' is.

“Ons het na 26 stede gereis met daardie produksie. Daar was geen probleme daarmee nie – tot omtrent die 19de weergawe... en toe bars die bom, in Londen. Tóé



Brett en 'n akteur voor 'n agterdoek uit *Samson*.

word toe gevra: Wie is hierdie wit ou wat die storie vertel? Hy is 'n wit Suid-Afrikaner. Hy is dus uit hoofde van wie hy is, 'n rassis. Hy kaap swart stories deur hierdie verhaal aan te pak. Ek skat dit is wat my selfvertroue geskaad het.

“Wat mag ek sê? Waaroor mag ek praat? Dit het nie net gegaan oor kulturele toe-eiening nie, maar dit was oor die toe-eiening van stories. Die akteurs is selfs met die dood gedreig. Altesame 300 lede van die onlustepolisie was nodig om die teater in Parys tien dae lank oop te hou. Dit was vir my geweldig stresvol.

“Die eerste werk wat ek ná hierdie voorval gemaak het, was *Sanctuary*, wat gehandel het oor vlugteling, vlugteling se situasie en xenofobie in Europa. Dit was op die ou einde 'n gekompromitteerde produksie, want ek was vol selfvertwyfel. Wat gaan die gehoor sê? Ek was so bang wat ek probeer sê, word deur 'n narratief van politiek korrekte identiteitspolitiek gekaap, dat my selfvertwyfel voortgeduur het.

“Dit het my op die ou einde ses maande geneem om te kom waar ek moes wees, maar ek dink ek het uiteindelik ontslae geraak van die drek wat my gekniehalter het. As ek aan 'n storie werk, of dit nou *Samson* is of nie, dan wil ek hê die storie wat ek vertel, moet debat aanmoedig. Dit moenie gaan oor 'wie is hierdie ou dat hy dié storie wil vertel nie'. Ek was aanvanklik bang dat dit sou gebeur, maar toe sê ek vir myself: Fok dit, ek gaan sê wat ek wil sê! Dit was 'n proses om die boeie los te maak en myself te bevry.”

Wat ook gehelp het in sy soeke na 'n mite waarom hy 'n werk kan maak, was 'n meestersgraadkursus oor mites wat hy in Amsterdam aangebied het. “Dit het gegaan oor die krag van mites en wat die gevolge van mites kan wees. Ek het die voorreg gehad om spesialis in die veld van reg oor die wêreld daarheen te bring. Dit was soos 'n intensiewe drukkoker-situasie en dit het my gedagtes oopgemaak vir die kompleksiteite van mites en waarmee ek kon werk.

“Om die *Samson*-verhaal of -mite te anker aan die probleme

van die hede is 'n geweldig stadige proses. Ek is deurgaans bewus van nuusgebeure reg oor die wêreld. Ek staan soggens om sesuur op en ek lees die *Guardian*, kyk Al Jazeera, of wat ook al. Ek het 'n baie duidelik sin vir wat oral in die wêreld aangaan en wat die brandende kwessies is. Dan het ek 'n storie. Dis soos 'hier is 'n stukkie velcro en daar is 'n stukkie velcro' of 'daar is twee magnete en hulle doen iets nou dikwels of hoe gaan ek hulle kry om dit te doen'. Dit neem alles tyd. Sommige dinge is redelik voor die hand liggend en ander swef weer rond en dit neem my 'n ruk om hulle vas te maak.

“Daarna gaan alles oor beeld en musiek en storie. Ek hou nie van teater wat die slaaf van ideologie is of wat 'n spesifieke ideologie probeer aandryf nie. Dit is die plek van dokumentêre films en artikels, nié kuns nie. Dit gaan nie net daaroor dat iets gebeur en dit is die storie nie. Dit gaan ook oor hoe ek daarvoor voel en hoe werk ek dit in by die storie. Dit vat tyd. Hoe kry ek 'n toneel of beeld wat 'n verwysing laat sin maak? Met *Samson* is ek reeds amper twee jaar lank besig met navorsing en ondersoek.”

“Daarna gaan alles oor beeld en musiek en storie. Ek hou nie van teater wat die slaaf van ideologie is of wat 'n spesifieke ideologie probeer aandryf nie. Dit is die plek van dokumentêre films en artikels, nié kuns nie.

Ek vra hom uit oor 'n berig wat beweer hy hou nie baie van teater-tekste nie, maar voel meer aangetrokke tot klanke en beelde.

Hy beaam dit. “Teksgedrewe teater begeester my glad nie,” sê hy. “Ek is nie 'n goeie luisteraar nie; ek is 'n goeie kyker. Maar daar is eintlik baie tekste in *Samson*.”

Hy verduidelik 'n verteller is eintlik 'n baie goeie manier om fokus te skep in 'n verhaal met soveel fasette. “Dit beteken ek kan op die verhoog doen wat ek wil, want die verteller hou jou altyd in voeling met die storie. Ek is gek oor paradoksale situasies. Ek hou daarvan dat iets dáár gebeur wat jou oopmaak na daardie kant toe, maar jy is steeds geanker in die storie oor die verteller wat jou daar hou. In *Orfeo* het ek die eerste keer 'n verteller gebruik. Jy kan jou instel op die storie, maar daar gebeur vele ander dinge om jou.

“Miskien sal sommige mense dit nie verstaan nie. Daar is so 'n magdom dinge wat gebeur. Ons gaan van 'n intense rap-nummer na 'n toneel wat baie ritualisties is. Dan is daar weer 'n aria uit die *Samson et Delila*-opera van Camille Saint-Saëns. Vincent Mantsoe het die choreografie gedoen. Hy kom uit 'n familie van sangomas en dit is die energie waarmee hy werk. In een toneel konfronteer *Samson* die duiwels wat uitgedryf moet word en in 'n ander is hy op soek na sy krag om iets te doen. *Samson* gaan eintlik oor 'n man en sy verhouding met mag en die bouse. Die interessante is dat die stuk in Suid-Afrika geanker is. Selfs al glo jy nie in wat hy glo nie, weet jy daar is iemand hier wat daarin glo.”

Ons tyd vir praat is verstreke. Die akteurs en musikante is terug op die verhoog en hulle gaan *Samson* die eerste keer deurspeel. Die geraamte van die stuk en die inhoud van ons gesprek hou die belofte in van nog 'n onthutsende en prikkelende produksie uit die kragtige verbeelding en slapelose gewete van Brett Bailey.

Samson. Rhenish Girls' High School. Vandag om 20:30, 9 Maart om 12:30 en 20:30, en 10 Maart om 11:00 en 15:00.

Ja, jý praat ook heeldag Khoi-Afrikaans

Afrikaans se Afrika-komvandaan. Skrywersfees. Drosty-teater. 5 Maart.

Boegoe. Kierie. Dagga. Gogga. Sies. Eina.

Elke keer as iemand seerkry en “eina” skree, skree hulle in Khoi-Afrikaans, lag die taal-aktivis Willa Boezak. Langs hom sit die skrywer Karin Brynard, wie se misdaadroman *Tuiskoms* in die Kalahari afspeel. Dr. Theresa Biberauer, taalkundige van die Universiteit van Cambridge, sit ook reg om saam te praat oor Afrikaans se Afrika-komvandaan. Die drie hom sit die skrywer Karin Brynard, wie se misdaadroman *Tuiskoms* in die Kalahari afspeel. Dr. Theresa Biberauer, taalkundige van die Universiteit van Cambridge, sit ook reg om saam te praat oor Afrikaans se Afrika-komvandaan. Die drie

hom sit die skrywer Karin Brynard, wie se misdaadroman *Tuiskoms* in die Kalahari afspeel. Dr. Theresa Biberauer, taalkundige van die Universiteit van Cambridge, sit ook reg om saam te praat oor Afrikaans se Afrika-komvandaan. Die drie hom sit die skrywer Karin Brynard, wie se misdaadroman *Tuiskoms* in die Kalahari afspeel. Dr. Theresa Biberauer, taalkundige van die Universiteit van Cambridge, sit ook reg om saam te praat oor Afrikaans se Afrika-komvandaan. Die drie

En daar is nog steeds dele wat onbepaald is, sê Adri.

Volgens die laaste sensus-opname in 2012 was daar toe 7,2 miljoen Afrikaans-eerstestaalsprekers, sê Theresa, met nóg 10,3 miljoen tweedetaalsprekers. As die grootste taal ná Zoeloe en Xhosa hoort dit beslis nie op enige gevaarlys nie, sê sy. En ses uit elke tien Afrikaanssprekendes is nie wit nie. Dit laat die gesprek draai na die vroegste gebruik van Afrikaans.

Willa het eers so 'n bietjie op ou spore teruggeloop.

“Ek kom van Kakamas af, wat beteken 'plek van die woe-dende koei' – en nee, ek praat nie van my skoonma nie! My mense se verhaal is 'n oerverhaal. Op die menseboom is dit omtrent hier by die wortels. Ons eerste kontak met Europeërs was in 1488 toe Bartolomeu Dias hier stilgehou het. Die plaaslike Khoi-San-stamme het die ding so staan en bekyk toe die vaarders hulleself help aan vars water uit die rivier en skaap slag om terug te vat skepe toe.

“In 1510 was daar helse konflik – later is 60 Portugese

soldate dood in die Skiereiland en toe word die Khoi-San genoem mensvreter, barbare en gevaarlik.”

Dit was die begin van kontaktaal – hulle het met gebare gepraat, want niemand kon mekaar verstaan nie. Maar toe die Hollanders later kom – en die Khoi-stamme besef dis nie net 'n vinnige heen-en-weer om proviand te kry nie – is gebare met woorde vervang. Weliswaar 'n beperkte woordeskat, maar nogtans, en teen 1595 het die taal al tandjies gesny.

Vir haar boek moes Karin dae en ure “beluister, beloer en af luister”, vertel sy, en alles op band opneem sodat sy regtig die hart van die Kalahari-mense en hulle taal kon hoor klop.

Dit is op een so 'n dag dat sy 'n afspraak gekry het met die destydse leier van die Khomani San, Dawid Kruiper, “in sy kantoor”.

“Daar is ek in my man se bakkie en die gids beduie hoe ek moet ry. Dis duin op en duin af, en later sit daai bakkie al so skeef op die sand. Net toe ek begin wonder waar is Dawid se kantoor, toe sien ek doer in die verte 'n sandduin met 'n skuiling gemaak van doringtakke. En onder dit sit so 'n klein mannetjie met 'n hoed op. Dit was Dawid Kruiper, in sy kantoor.”

Hier het sy ure lank saam met hom gesit, en lang rukke het hy nie gepraat nie. “Ek kon later besef hy wou dat ek die stilte verstaan, want dit sê baiekeer nêr soveel soos woorde.”

Hulle praat 'n taal só lieflik, sê poëties en beskrywend, 'n mens kan nie anders as om dit as verleidelik te beskryf nie, sê Karin. “Dit is hoekom 'n mens daai uniekheid moet vasvang; jy kan dit nooit van mense wegneem deur jou Afrikaans in hulle mond te lê nie.”

Daar is woorde wat jare verkeerdelik beskou is as van Germaanse oorsprong, sê Theresa.

“Dink aan woorde soos 'ek', 'ons', 'loop', 'staan' – dis alles Khoi-vorme, en jy kan amper nie 'n sin gebruik sonder om hierdie woorde te gebruik nie.”

Sprake dat Afrikaans bedreig word, het beslis 'n groter bewuswording van die taal gebring, maar Afrikaans is 'n woning met baie kamers, sê Karin.

“Party kamers het net te lank toe gestaan. Die taal is so uniek juis omdat sommige dinge net onvertaalbaar is, en só moet dit wees. Dit spreek tot iets wat nie van êrens ontleen is nie.”

– Jo-Ann Floris

Skrywersfees

‘Die land verlaat jou nooit’

**Skrywerslangtafel.
Die Volkskombuis. 7 Maart.**

Gooi 12 skrywers in die middel van ’n klomp boek-liefhebbers, dek die tafel en hou die wynglase (redelik) vol.

Dan skryf die storie van Suid-Afrika sommer homself, in baie verskillende stories en met baie geure en smake.

Hoe lyk die land daar uit die gestoeltes van die skrywer, wou die aanbieder, Johan van Lill, weet.

Rafael Marques de Morais, skrywer van die boek *Blood Diamonds: Corruption and Torture in Angola*, is ook ’n teenkorrupsie-aktivis wat in 2015 ’n opgeskortte vonnis gekry het omdat hy weermaggeneraals in sy geboorteland aangevat het oor hulle beweerde martelingsmetodes.

“Ek wonder altyd hoekom Suid-Afrika nie kyk na die slaggate van die geskiedenis in die streek en dit vermy nie. Dit geld ook vir die ander Afrikalande. Ons moet regtig moeite doen om die kwesies in die streek te verstaan, want ons hou aan om mekaar se foute te herhaal.”

Uit ’n heel ander hoek kom Dana Snyman, meesterlike verteller van mensestories, wat ook by die gesprek is. Natuurlik met ’n storie. “Nou die dag toe ek daar in my buurt stap, is daar ouens besig om vullis weg te ry. Hulle het so ’n ou bakkie, maar die ding wil nie weg nie. Hy’s is swaar gelaai met daai vullis. Die manne beur en probeer om hom stoot. Toe vra ek: ‘Manne, moet ek help stoot?’

“Toe skree hulle terug: ‘Dit sal nogal lekker wees, Meneer!’”

Dit, vir hom, is sy land en sy mense, verduidelik Dana. Mense is gewillig om hand by te sit, maar dan moet mense ook gewillig wees om die hand te vat wat na hulle toe uitgesteek word.

Vir Zakes Mda, storiëverteller, digter en nou ook kunstenaar, is die blik uit sy nuwe standplaas in Amerika ’n interessante een.

“Ek het Suid-Afrika verlaat, maar Suid-Afrika het my nie verlaat nie. Ek het in elk geval oor my land begin skryf toe ek nog buite hom gestaan het; dus is dit nie moeilik om nou uit Amerika te skryf nie.” Hy bly op die hoogte deur die hoofstroommedia hier te volg, maar ook die sosiale media.

“Dis waansinnige, ongetoetste joernalistiek, onbetroubaar soos niks en onbevange, maar ’n mens lees dit met ’n nugter oog.”

Soms verkies hy om nie te weet wat aangaan nie. “As ’n skrywer van fiksie makeer ek soms die afstand.” Hy het sy nuutste roman, *The Zulus of New York*, by die Woordfees bekend gestel.

Ook om die tafel was Gerda Taljaard, Zirk van den Berg, Mohale Mashigo, Johannes van Eeden, Melusi Tshabalala, Ivan Vladislavic, Chase Rhys, Deon Maas en Maya Fowler.

’n Groot groep van die skry-



Deon Maas teken 'n boek vir 'n aanhanger.
FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT



BO: Maya Fowler, Melusi Tshabalala en Gerda Taljaard.
ONDER: Dana Snyman, Ivan Vladislavic en Zakes Mda.

wers woon en werk nou oorsee – Maya in Kanada, Deon in Berlyn, Johannes in Switserland en Zirk in Nieu-Seeland.

Die grootste fout wat Suid-Afrikanners maak, is om te dink dis die enigste land met probleme, sê Gerda. “Met Eskom en mense wat uit die dood opgewek word, dink mense ons is uniek. Die wêreld het al baie gruwels en oorloë oorleef; ons het die vermoë om aan te gaan, voort te stu.”

Johannes, wat nou hoog in die Alpe woon, onthou sy pa se woorde: “Hy het altyd gesê ’n mens vat jou probleme saam met jou, dit maak nie saak waar jy gaan nie.”

Al wat anders is daarvan om uit ’n ver land te skryf is perspektief, sê hy. “Van ’n afstand af sien ’n mens dat die goed waaroor ons hier kerm en kla, in die groter wêreld nie so belangrik is nie.”

Haar Afrikaans is “baie klein”, lag Mohale, maar sy sou graag wou sien dat Suid-Afrikaanse skrywers mekaar beter leer ken.

“Ons lees in stilte. Ons moet



probeer om meer-kultureel te wees. Ek moes leer om ander cultures te verstaan en ek het nog ’n lang pad voor, maar as ek nog iets mag wens, is dit dat lesers avontuurlustiger en dapperder raak en nuwe skrywers ontdek.”

Dit is hierdie nuuskierigheid oor mekaar – en die wanpersepsies oor ander – wat Chase die pen laat optel het as skrywer en dramaturg.

Dié booring van Ocean View sê: “Mense praat soveel nonsense oor die Cape Flats, so asof al wat ’n mens kan sien, crime en lelike

goete is. My job is om vir hulle te wys daar is soveel meer aan die plek en sy mense.”

Chase is ook ’n stigterslid van Borderlands, ’n gemeenskapsprojek wat met kuns probeer brúe bou tussen gemeenskappe, en op 29 jaar ’n vars nuwe stem. Hy is die eerste wenner van die Adam en Rosalie Small-prys vir debuutskrywers.

Deon het homself nou eers die reg ontsê om kommentaar te lewer oor wat in die land aangaan “want ek woon nie meer hier nie.”

Sy nuwe boek, *Witboy in Berlyn*, is pas bekend gestel. Net omdat hy weg is, beteken natuurlik nie Deon se stem is stil nie. Of dat mense hom vergeet nie.

Een van die vrae wat hy nog gereeld kry, is “is jy nie daai dude van *Idols* nie?” – hy was vir een reeks ’n beoordelaar op die werklikheidsreeks *Afrikaanse Idols*. Soos hy sy boek beskryf: “Ek dink dit (die trek Berlyn toe) het my uiteindelik geleer hoe ’n Afrikaan ek eintlik is. En dit vorm die kern agter die skryf van die boek. Te wit vir Afrika, te Afrikaan vir Berlyn.”

Melusi wil ook nie die wêreld as ’n Zoeloe-man navigeer nie, sê hy, maar as Afrikaan.

“Ons swak plek is dat ons dink ons weet wat die ander is. Eenheid is nie om drukkie vir mense te gee nie. Dit is om te verstaan en die hartsoortuiging te hê om iemand anders se pad saam te loop.”

Sy boek, *Melusi’s Everyday Zulu*, het begin as ’n enkele Zoeloewoord per dag op Facebook, met ’n kort storie om dit te verduidelik.

Só stem die skrywers saam dat hulle op konvensionele – en soms vreemde – plekke hulle stories skryf en begin skryf. Maya het haar boek elke dag oor die etensuur in haar motor geskryf; Zirk soek sy gemaklike stoel; Mohale skryf op stukkies papier, in ’n bed of motor; Johannes het hom twee weke in ’n kasteel afgesonder, en Dana sit agterstevoor op ’n toiletstiplek.

Maar, sê hy vinnig, sy rekenaar se battery was aan ’t vrek en die badkamer was die enigste plek met ’n tweekantakelaar.

En, het Gerda afgesluit, soms moet ’n mens maar ly vir jou kunsvorm.

“Ek skryf in ’n klein kamertjie wat so warm soos die hel is in die somer, en vries in die winter. Jy kan nie as ’n skrywer gemaklik raak nie.” – **Jo-Ann Floris**



MAGTIG. KRAGTIG. PRAGTIG.

Waar die kompas van jou siel jou lei, sal ons produkte en dienste daar wees vir jou.

YOU'RE GOOD TO GO.



Besoek standardbank.co.za of laai ons toepassing af.

*Bs&Vs geld.

standardbank.co.za

Standard Bank Voluit Vorentoe™

Gemagtigde finansiële dienste- en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP15). Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Regnr. 1962/000738/06). Voluit Vorentoe is 'n handelsmerk van Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk.

Diskoers



Die laaste gesprek in vanjaar se diskoersreeks by die Woordfees is baie goed bygewoon. FOTO: JACO MARAIS | NETWERK24

‘Neem sêlf beheer met grond’

Die groot gesprek oor grond. Die Plataan. 7 Maart.

Honderde feesgangers het gister na die Kruiskerk opgeruk vir ’n belangrike en rigtende gesprek uit die enjinkamer van die gronddebat. Dit was die laaste byeenkoms van vanjaar se diskoersreeks, en as ’n mens na die bywoningsgetalle kyk, was dit sekerlik die gewildste diskoersreeks nóg.

Die deelnemers, onder leiding van die joernalis Tim du Plessis, was die regskenner dr. Phephelaphi Dube, die landbou-ekonoom prof. Johann Kirsten en prof. Mohammad Karaan, dekaan van die fakulteit landbou aan die Universiteit van Stellenbosch en lid van die presidensiële paneel oor landbou en grondhervorming.

Dube het begin met ’n oorsig oor waar die parlementêre proses oor ’n moontlike grondwetwysiging staan. Sy het daarop gewys dat dit nog geruime tyd gaan duur.

Tans is dit voor die grondwetlike hersieningskomitee, wat met ’n konsepbewoording vir ’n wysiging vorendag moet kom. Dan moet ’n openbaredeelnamesproses volg voordat die Nasionale Vergadering oor die kwessie moet stem.

Dube het gemaak dat die bewoording van enige grondwetlike verandering deurslaggewend sal wees, en dat dit tans nog nie bekend is nie. Sy het belanghebbendes aangeraai om ook die

bewoording van die Onteieningswetsontwerp na te gaan. Haar eie lees daarvan is oorwegend positief vir die kommersiële landbou.

Du Plessis het vervolgens aan Kirsten en Karaan gevra of hy dit reg lees dat die hitte in die gronddebat afgeneem het vergeleke met verlede jaar, soos vergestalt in die EFF-plakkate wat lui “Jobs and land now” eerder as “Land and jobs now” – kiesers gee meer om oor werkgeleenthede as oor grond.

Karaan het gesê die huidige onsekerheid oor grondhervorming het ’n negatiewe invloed op sakevertroue sowel as op die hoeveelheid grondverkope én -aankope, maar veral op grondpryse. Hy is ook baie bekommerd oor die afname in landboubelegging in die huidige onseker klimaat.

Kirsten het aan die gehoor gesê die implikasies van Karaan se inset is belangrik, naamlik dat die georganiseerde landbou nie, noudat die hitte van die grondstryd afgeneem het, moet sit en niks doen nie. Hy meen die korporatiewe en landbousektor moet pro-aktief optree wat grondhervorming betref sodat dit op hulle eie inisiatief so suksesvol as moontlik kan afloop.

“Die debat oor onteiening sonder vergoeding het ’n dringendheid in die debat gebring,” het Kirsten gese.

Op ’n vraag van Du Plessis of die huidige proses wetlik uitgedaag kan word, het Dube gesê solank die parlementêre raadplegingsproses en die konsepbewoording

vir enige moontlike grondwetwysiging nie afgehandel is nie, sal dit te vroeg wees.

Slaggate waarin die proses kan beland, sluit in dat daar nie genoegsame of korrekte openbare raadpleging was nie, insluitend dat vroe by openbare verhore nie fokus op die voorgestelde grondwetwysiging nie, maar eerder swart mense se pyn uit die verlede. Andersins kan ’n verkeerde aanwending van die beperking van regte ook die proses kortwiek.

Kirsten het op hierdie punt herhaal dat boere en die georganiseerde landbou pro-aktief moet optree eerder as om te wag dat dinge met hulle gebeur.

Du Plessis het die probleem met grondhervorming opgesom deur te sê grond is wel voorheen van mense weggevoer of gesteel, maar nie deur die mense wat dit tans bewoon nie.

Karaan meen ’n oplossing is wel moontlik, en veel meer so as 20 jaar gelede. Die rede? Omdat daar nou 20 jaar se ervaring is. Hy meen daar is drie groot vrae oor grondhervorming: Moet die Grondwet verander, moet daar onteiening sonder vergoeding wees, en wat moet die teiken met grondhervorming wees?

Hy het gevra mense moet weg beweeg van emosionele argumente en eerder op die tegniese bestuur van pro-aktiewe grondhervorming konsentreer. Volgens hom is dit belangrik dat die beginsel

van regverdige en regverdige vergoeding – waar ’n hof oor die vergoeding besluit – behoue bly, maar as elke grondeis voor die hof beland, vat dit te lank, wat polities nie raadsaam is nie.

Hy het gemaak dat daar vir die kommersiële landbou tans geleentheid daarin opgesluit lê dat pres. Cyril Ramaphosa aandring dat enige grondwetwysiging bloot eksplisiet maak wat reeds implisiet in die Grondwet is.

Karaan het gemaak dat 20 jaar ná die aanvang van die proses nog net 10-12% van grond van wit na swart besit oorgedra is – deels weens onbeholpenheid van die staat en deels omdat grondpryse te hoog is. Die staat kan dit nie bekostig nie.

Hy meen ’n uiteindelijke doelwit van 50% grond wat van wit na swart kommersiële boere oorgedra word, sal die politieke koers breek, maar dit sal ’n langtermyn doelwit moet wees.

Karaan gee toe dit is ’n omstrede standpunt, maar hy meen grondpryse is tans te hoog. Laer grondpryse is in die landbou se belang omdat dit investering aanmoedig, terwyl hoë grondpryse in die praktyk uittrede uit die landbou aanmoedig.

Kirsten het gewaarsku die gronddebat is nie net op landelike grond van toepassing nie, maar ook stedelike grond. Dube het bygevoeg dat nie alle kwessies rondom grond in die howe opgelos gaan word nie. Die kwessie is

groter as dit, en omdat dit ’n emosionele kwessie is, is dit eintlik ’n tweede Waarheids- en versoeningskommissie.

Karaan het gesê na sy mening is dit voorsienbaar dat ’n perk op grondpryse geplaas kan word, maar dat daar nie ’n enkele oplossing vir die probleem is nie – verskillende gebiede kan verskillende werklikhede weerspieël, en dit sluit in voormalige tuislandgrond, stedelike grond, boerderygrond en staatsgrond in ons middestede.

Hy verwag die regering gaan van volgende maand af – voor die verkiesing – in groot getalle kaart en transport begin uitdeel.

Karaan het boere voorts geruggestel met die stelling dat alle belangrike politieke rolspelers – ook die ANC en EFF – besef grondhervorming moet sensitief hanteer word omdat die landbousektor tot 250 000 werkgeleenthede kan inboes as dit swak bestuur word.

Kirsten het boere aangeraai om die geleentheid in die huidige situasie te sien en aan te gryp om hulle besighede te vergroot, veral deur self op plaaslike vlak beheer te neem oor ’n proses van pro-aktiewe grondhervorming.

Hierby het Dube aangesluit deur te waarsku dat die burgerlike samelewing nie die Onteieningswetsontwerp moet brandmerk as ’n grondgrypery nie, want dit is volgens haar nie die geval nie.

– Jan-Jan Joubert



Woordfees

Weekprogram

kykNET Leefarea

Buite die Endler h.v. Victoria & Neethlingstraat

Gratis toegang



Vrydag **8 Maart**

09:30	Grapkas komedie van teater tot TV
12:00	Feesjuweel
14:00	Early B
16:00	Teatergesprekke: Rokkie + Rooilug
± 19:00	Klassieke uitvoering

Saterdag **9 Maart**

09:30	Tussen Ons kom gesels
11:00	Feesterugvoering
12:00	Feesjuweel
14:00	Die Ware Naarheid
16:00	Teatergesprek: SAMSON
± 19:00	Klassieke uitvoering

Sondag **10 Maart**

09:30	Befondsing vir TV en Film
12:00	Feesjuweel

Toneel

Schalk Bezuidenhout, Mila Guy, Bouwer Bosch en Beer Adriaanse in *Die intermissie*. FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

Energie sonder perke!

Die intermissie. Drosty-teater. Vandag om 21:30, 9 Maart om 10:00, en 10 Maart om 10:00 en 12:00.

Die stuk *Die intermissie* staan en val by die energie van sy akteurs. En as Woensdagaand se eerste vertoning in die gepakte Drosty-teater enige aanduiding was, gaan dié produksie nie net stáán nie, maar hy gaan vlieg.

In dié sketskomedie word teatergangers vir 'n uur lank blootgestel aan verbyflikkerende sketse – dit spring letterlik van die een one-liner na die ander. Amper op flitsende strobe light-pas steek die ses stuks akteurs op die verhoog die draak met 'n groot verskeidenheid van die Suid-Afrikaanse aktualiteit.

Ook die Woordfees word betrek, en selfs die feesdirekteur, Saartjie Botha, word bygehark omdat sy hierdie ritmiese moles op feesgangers losgelaat het.



Bennie Fourie

Hoewel die meeste van die sketse nie met mekaar verband hou nie, is daar een oor die Suidlanders wat 'n paar keer uit die blik uit kom...

Aanvanklik, hier heel aan die begin, was dit duidelik dat funny man Schalk Bezuidenhout net boe of ba moet se dan skater mense. Maar ná letterlik vyf minute was dit lank meer nie net

'n Schalk-show nie; elke lid van die geselskap dra vierkant sy of haar eie gewig.

Een van die verrassings was toe 'n random lid van die gehoor by die produksie betrek is, in 'n Mafia-skets waar die "don" uitgehaal moet word (met piesangs).

"Sandra" het naatloos by die akteurs op die verhoog ingeval,

die skets perfek afgerond en selfs in pas saam gedans.

Sandra is vir die doel van die skets deur die akteurs "Shakira" gedoop, wat natuurlik aanleiding gegee het tot 'n paar waka-waka-en heupe-grappe.

Wat die geselskap nie geweet het nie, is dat "Sandra" hulle ook 'n rat voor die oë gedraai het toe sy paniekigerig in 'n laaste oomblik op pad verhoog toe op dié naam besluit het: Sy's eintlik Louisa Venter... van Bethlehem.

Hier en daar het 'n té vinnige tempo veroorsaak dat dialoog in die lug verdwyn, veral van die vroue s'n, maar dis nooit só dat dinge met hulle wegloos nie.

'n Mens wil hoegenaamd nie die pret bederf en 'n enkele skets in detail beskryf nie, maar daar is tog één wat vir my uitgestaan het: Waar dieselfdegeslagouers (twee mans) se seun uit die kas uit val.

Die intermissie is hoë-oktaan-komedie. – **Jo Prins**

Draai sy nek om, gooi hom in die sloot

This again? Adam Small-laboratorium. 10 Maart om 10:00.

Kom ons begin met die goeie nuus: Met só 'n profetiese, liggies toornige titel verwag 'n mens die ergste – én jy kry dit. Die slegte nuus: In die proses kry jōú selfbeeld 'n knou, want jy is so verveeld met wat voor jou gebeur dat jy begin wonder of jy nie dalk die probleem is nie. Is jy gewoon te oud en te dom, te afgestomp en ontnugter, vir 'n sogenaamde "werks-winkelproduksie" wat deur niks minder nie as die ikoniese politieke satire *Woza Albert!* geïnspireer is?

Hoekom laat die volgende vrae en frases – en die aanbieding daarvan – jou dan so gááp: Who are you? How do we get out of here? Woke. Woke se moer. You can't say that. Slut walk. Reclaim yourself and your body. Fuck men. Who was here first? Who are you? (Weer.) Your're an ism! Does that sound racist? The past wasn't so fun...

Die twee studente-akteurs, Devonecia Swartz en Tina le Fleur, swem en spring moedig voort in 'n see van papiere, hoewel nie heeltemal in dieselfde klas as Mbongeni Ngema en Percy Mtwana nie, maar 'n mens is verbyster – nee, totaal en al uit jou geloof uit geskok – as jy ná die tyd verneem die stuk was 'n finalis in die eerste Première-teaterfees wat verlede jaar deur die US se drama-departement aangebied is.

Ek kan nog verstaan waarom die energieke Devonecia by dié fees as die beste aktrise aangewys is, maar dat *This again?* die prys vir die beste téks gewen het, is 'n godskreie skande. Nee, nee, nogmaals nee.

Noem my oud, noem my 'n dom drol op 'n dreskas, maar nadat ek vyf dae lank en hard gedink het om iets bemoedigends te sê sonder om my gewete te verloën, volstaan ek met: Gee my dan maar eerder die valbyl.

En aan al die betrokkenes: Dié ou galbal se mening is nie die einde van die wêreld nie, maar draai dié enjetjie eerder nek-om en gooi hom in die sloot. – **Johan van Zyl**

Luister gerus maar na dié storieverteller!

Rooilug. Hoërskool Lückhoff. Vandag om 20:30, 9 Maart om 17:00.

Onder die berg teen die rooi lug lê Willowmore, 'n klein dorpie waar basic human rights gerespekteer word, want daar is 'n Absa en 'n Pep Stores. Dis al wat mense hier op die platteland nodig het.

Aan die een kant van dié dorp, wat eers in die Wes-Kaap was maar nou in die Oos-Kaap is, by die wit mense en aan die ander kant die coloureds – en so lê ook die dorp se twee aparte begraaftplase langs mekaar.

Toe die nuwe regering in 1994 kom, het al die coloureds RDP-huise gekry, maar dit was skakelhuise met dun mure tussen bure. Hulle het toe daar ingetrek met hulle "coloured-I'm-better-than-black attitudes", volgens ons hoofkarakter. Maar nie alles is wel nie.

Die gehoor ontmoet 'n seun wat ons die verhaal vertel van sy lewe in 'n buurt vol nuuskierige tannies, dronk ooms in taverns, kinders wat op straat grootword en waar geweld agter toe deure gehoor kan word.

Die seun vertel van sy ma wat sê "vroue moet sterk wees" wan-

neer sy ousus 'n scenario skep waarin sy moet kies tussen 'n gawe swart boyfriend of 'n onbeskofte coloured boyfriend. En as Mam-mie die k-woord gebruik, is dit duidelik watter keuse gemaak moet word.

In Willowmore se begraaftplase lê die vele vroulike slagoffers van gesinsgeweld, en die seun weet hy moet dit ontsnap.

Jefferson J. Dirks-Korkee het *Rooilug* geskryf en speel self in hierdie eenmanstuk, met slegs 'n stoel en tafel as rekwisiete. Hy het nie meer as dit nodig nie, want Jefferson het 'n boeiende

storie en genoeg akteursvernuf om dit duidelik oor te dra.

Ter bewys: twee vroue in die ry agter my "uhm" en "aah" op byna elke woord uit Jefferson se mond, want hulle is so vasgenael dat hulle byna self binne die verhaal is.

Daar is dus geen twyfel nie dat Jefferson 'n voortreflike storieverteller is. Dit is nie net sy woorde wat goed oorgedra word nie, maar elke beweging wat sy lyf maak, help die verhaal vertel. Hy is op, oor en onder die stoel en tafel; hy dans en kronkel sy liggaam om allerlei karakters en objekte te word.

Die verhaal is goed geskryf en die taalgenuit kom so reg uit die volksmond. Die woorde vloei uit Jefferson se lyf en dit is duidelik dat dit 'n storie is waaroor hy passievol voel.

Plattelandse stories soos hierdie – soos ook Amee Lekas se *Die dans van die watermeid* wat verlede jaar op die Woordfees opgevoer is – verruim Afrikaanse teater en bring die verhale en kwessies in die bruin gemeenskap deur kuns na vore.

As dit só goed vertel word soos wat Jefferson doen, kan almal maar gerus luister. – **Wayne Muller**



Ignatius van Heerden
in *Droom*. FOTO'S:
NARDUS ENGELBRECHT

Deernis in gedeelde oomblikke

Deurnis een-tot-een.
Intieme teater. Quiver Tree
Self-Catering Apartments.
Vandag en môre.

Niemand sal sommer hulle eerste keer vergeet nie: Om tot voor 'n anonieme deur gelei te word, 'n kriptiese instruksie te ontvang – “gaan sit in die wit stoel”, “gaan staan langs die bed” – en dan die onbekende in 'n klein woonstelletjie of ander geslote ruimte te betree. Wie wag binne op jou? En wat gaan hulle met jou deel?

In die konsep van *Deurnis een-tot-een* word 'n toneelstuk van sowat 20 tot 25 minute deur een akteur vir 'n gehoor van een opgevoer. By die Woordfees is vier pakkette beskikbaar, elkeen bestaande uit drie stukke. 'n Tipiese pakket het iets ligter, iets swaarder en dan iets “anders”, maar dié afbakening is nie eksak nie. Dit is plekspesifiek in dat die stukke binne 'n spesifieke ruimte afspeel, soos 'n sit- of badkamer, of selfs 'n woonwa.

Om te sê die ervaring is intiem, is die onderbektoneering der onderbektoneerings. Jy word biegaarder en sielkundige, waggamergenoot, lankgestorwe hersenskim, voyeur en medepligtige. Dit is laasgenoemde wat jou diep raak, want die skrywers van *Deurnis* deins nie terug vir ongemaklike, moeilike en pynlike temas nie.

'n Mens dink byvoorbeeld

aan wanneer Roche van Blerk as 'n mishandelde vrou betrand, amper fluisterend in Erna Jo se *Skaam* teenoor jou as sielkundige biegaarder oor 'n moord... of wanneer die bloedjong Leroux van Diemen – hy het verlede jaar matriek geskryf – jou in Henque Heymans se *Koud* sag en soekend aankyk as die onderwyser met wie hy 'n verhouding gehad het. Selfs geharde teatergangers sal nie heeltemal ongedeerd uit Henque se *Rou* stap nie: In verbluffende spel deur Dewald van der Merwe maak jy kennis met die slagoffer van mensehandel. Wanneer jy nie soos die tipiese seksklant optree nie, vertel hy hortend sy lewensverhaal, met sy kosbare Gummy Bear T-hemp as getuie, en van die vrees oor wat met hom gaan gebeur nou dat hy te oud begin raak vir die klandisie.

Al die stukke is nie so erg nie. In Braam van der Vyver se *Skei*, in die waggkamer van 'n egskeidingsprokureur, praat Erna jou met galgehumor amper gek oor 'n ramspoedige huwelik. En dit is moeilik om nie vir die dowwe Doon (vertolk deur Tiaan Slabbert), wat halsoorkop op 'n winkelpop verlief is, te lag in Braam se *Winkelpop* nie. Soms is dit bloot 'n vertelling, soos wanneer Llewellyn Steenkamp in *Witvlag* deur Nico Scheepers knie-aanknie in 'n donker badkamer met jou die bittersoet pyn van liefde deel. Dan is daar ook meer eteriese



Roche van Blerk in *Toets*.



Tiaan Slabbert in *Lem*.

stukke soos Henque se *Anders*, met 'n brose, dierbare vertolking deur Ben Pienaar.

Wat *Deurnis* bowenal anders maak, is dat daar geen afstand tussen jou en die akteur is nie:

Jy sien hom en jy wéét hy sien jou. Jy sien trane en vuil vingernaels in reliëf; jy word opnuut bewus van die ander sintuie – die eenvoudige klank van asemhaling, of die reuk van poeier of goedkoop parfüum

(alles met inbegrip van die stuk). Vir enige introvert klink dit soos 'n nagmerrie, maar wanneer jy jou tweede en derde stuk meemaak, begin jy ontspan in wat uiteindelik 'n geborge ruimte is. En iewers dring dit deur tot jou primale brein: Dit is 'n storie, geskryf deur iemand, met 'n begin, 'n middel en 'n einde... en daar is altyd 'n aspek van deernis.

Vir almal is dit anders, en dit is besonder interessant wanneer die teatergangers gedagtes begin ruil terwyl hulle wag vir die volgende deur. 'n Mens weet ook nie wat die sneller gaan trek op 'n intense emosionele vloed nie: Ná tien stukke, wat reeds die “ergstes” ingesluit het, was ek bepaald onvoorbereid op my eie oorweldigende aangedaanheid in *Droom*, 'n saggeaarde, maar verruklike stuk van dans, beweging en projekies deur Ignatius van Heerden.

'n Mens verstaan waarom daar 'n groep aanhangers is wat *Deurnis* al by meer as een geleentheid deurgemaak het. Daar kan 'n verslawende aspek wees, ja, maar ons verhoudings word al hoe meer deur toestelle bemiddel en dit voel daarom asof ons by die dag meer van mekaar vervreem. Hiervoor is *Deurnis* een onwaarskynlike teenmiddel, want dit is medemenslike, gedeelde oomblikke tussen jou en iemand anders, maar iets wat nie elektronies versorg kan word vir openbare konsumpsie nie.

– Willem Bester

Hutspot

Afrika in Afrikaans kom hier tot sy reg

Uit die bloute. Stadsaal. Vandag om 20:00.

Dié puik produksie, wat die grein van Afrika vasvat in ons eie taal, is ongetwyfeld een van die hoogtepunte op vanjaar se Wordfees.

Dit is 'n verstommende kragtoer, gebore uit 'n kombinasie van Eugène Marais se skryfwerk en die Afrika-geïnspireerde toonsettings van elf van sy gedigte, afgewissel met die dramatisering van twee van sy beste kortverhale.

Hier is vele hoogtepunte, maar vir my was die hoogtepunt die toonvenster wat dit was vir die vele gawes van Paul du Toit. Sy intens gefokuste spel, sy diksie, die mimiekaspekte in sy uitbeelding van karakter, sy vertroue in sy eie lyf en die wisseling in sy karakterisering was regtig 'n plesier om te aanskou. Teater is veronderstel om die uitlewingsplek te wees vir dié verskeidenheid van uitnemende talente.

Die artistieke afwerking is puik en die verhooginkleding slim, wat die wisselwerking en afleiding tussen die akteurs en musici laat eb en vloeï, amper soos Marais se tekste. Die versluiserde aspekte van die stel weer spieël die mistieke aspekte in sy skryfwerk, en koppel dit met die uiterlike handeling, byvoorbeeld wanneer Du Toit se liggaamspostuur só met die postuur van die ramshoringblaser agter die sluier skakel dat dit 'n lieflike oomblik skep – sulke skoon lyne.

Die musiek is heerlik, met die verwerkings van “Waar Tebes in die stil woestyn” en “Mabalel” my gunsteling. Die sang is suikersoet soos die heuning wat die hoofkarakter in die tweede skets so ontwyk.

As enigste beletsel moet 'n mens noem dat die stem van Jenna Dunster as die aktrise nie die mas opkom wanneer sy onder begeleiding moet praat nie, maar namate die stuk gevorder het, het sy haar stem en stempel algaande gevind.

Die volgepakte stadsaal was betower deur *Uit die bloute*. Probeer, as jy kan, om 'n kaartjie te kry vir dié keurige vertoning wat die Afrika in Afrikaans tot sy reg te laat kom, en die Inniesbos-fees as opdrag-gewer groot eer aandoen. – **Jan-Jan Joubert**



Kiroshan Naidoo en Jazzara Jaslyn in die produksie Marsha: The Beginning of the End. Dit is deel van die Wordfees Fringe. Dit wys weer vandag om 11:00. FOTO'S: MARCHELLE VAN ZYL

Ónder fees woel die nuwe Fringe...

Fringe. Toneel. Pulp Cinema Neelsie. Tot 10 Maart.

Die Wordfeestafel is gedek met meer as 'n duisend produksies. Dis boordens toe vol en dit is die plek waar mense kom aansit en hulle trommeldik eet aan 'n à la carte-spyskaart van kuns, musiek, teater, besprekings en boeke. Maar dit is nie net wat óp die tafel is wat belangrik is nie. Daar gebeur iets opwindends ónder die tafel. Vir die eerte keer is daar die Wordfees Fringe, wat gister begin het en tot Sondag duur.

Die groot kunstefeeste het almal 'n Fringe-fees. “By Edinburgh, die grootse kunstefeeste ter wêreld, is die Fringe groter as die fees self. En dit het alles begin toe kunstenaars wat nie genooi is om op te tree nie, in elk geval

opgedaag het. En hulle ding gedoen het. Oorgeneem het,” verduidelik die Fringe-advertensie.

En dit is waar. Van my gunstelingwerk wat ek die laaste paar jaar op Suid-Afrikaanse feeste gesien het, was die klein produksies aan die rand van die fees.

Hoekom is 'n fringe belangrik? Dit is 'n toetskombuis vir opkomende talent om blootstelling te kry, te “oefen” voor regte gehore en agter te kom watter resepte werk, sodat hulle volgende keer deel van die hoofmaal kan wees en nie net hors d'oeuvres nie. Dis hier waar die kunstenaars hulle potlode skerpmaak, die instrumente stem en die stemme opwarm.

Vir my is dit 'n belangrike ruimte waarin skrywers, regisseurs, akteurs, tegnici buite die klaskamer of die voorkamer

kan eksperimenteer. Dit is die plek waar nuwe talent uitgestal, ontwikkel en ontdek word.

Maar dit is ook die plek waar gehore se palet getoets en uitgedaag word. Hulle word aan “onveilige” teater voorgestel. Teen 'n weggeeprys kan jy 'n kans vat en 'n happe van iets nuuts vat. En dalk, net dalk, hou hulle van wat hulle proe en koop volgende keer 'n kaartjie vir 'n nuwe tipe produksie, sonder die A-span-akteurslys, teen volprys.

Dis 'n opwindende reis die onbekende in: die meeste van die akteurs is nie bekend nie, jy weet niks van die produksie af nie, daar was nie geld vir bemarking nie: Dis 'n blind tasting. Stap in met 'n oop gemoed. Daag jouself uit en kom speel voetjie-voetjie ónder die tafel. Kom honger. – **Marchelle van Zyl**

Net 6 in gehoor bring student nie van stryk

Mos. Fringe. Toneel. Pulp Cinema Neelsie. 10 Maart om 19:00.

Die woord “mos” is groen en groei in die skaduwee van aannames. Dit lei tot 'n selfondersoekende reis vir 'n dramastudent, uitstekend vertolk deur Margo Kotze.

Toe sy in matriek was, het 'n tannie by 'n braai vir haar geloer en vir die mense om haar gesê: “Sy wil mos drama doen. Sy wil mos famous wees.” Nou spook die woorde steeds by haar. En wat beteken daardie “mos”?

“Ek is 'n aktri-ze. Met 'n ‘z,’” verklaar Margo se karakter dramaties in haar eenvrouvertoning *Mos*. “Ek wil net verklaar dat dit nie 'n homage aan Casper de Vries is nie,” stel sy die gehoor gerus.



Ek mislei jou dalk as ek die woord “gehoor” gebruik. Dit impliseer (vir my) meer as ses mense. Die arme Margo is egter die uitdaging gegee om

09:00 op 'n reënerige oggend die Fringe-program vir die dag te open. Nodeloos om te sê was dit net ek, vier ondersteunende vriende en haar ma (wat ook

Begin van die einde

Marsha: The Beginning of the End. Fringe. Vandag om 11:00.

Almal wil Mars toe gaan. David Bowie was sy tyd ver vooruit met sy treffers “Starman” en “Space Oddity”, en daar is dié wat glo dat Bowie klaar daar is.

Soos Marshini (Jazzara Jaslyn). Sy is die uitverkorene wat eendag op die “god” Marsha afkom – 'n speelgoed-Marsvrou-tjie van plastiek – terwyl Bowie se musiek in die agtergrond speel. Dit is genoeg om haar te oortuig sy is die uitverkorene wat haar by Bowie daar op Mars gaan aansluit. En daar is plek vir nóg een persoon.

Marshini ontmoet vir Sashen (Kiroshan Naidoo), wat die perfekte kandidaat blyk te wees vir dié derde plek s. Hy is 'n depressiewe winkelassistent en perfek vir Marshini se kultus. Hier vind hy aanvaarding. Hy is manipuleerbaar en word ingesui in Marshini se Mars-drama. Tot hy sy eie speelgoedgod optel en Marshini se outoriteit bevraagteken.

Die hele stel is in foelie bedek. 'n Mens kan nooit te min foelie hê in 'n futuristiese drama nie. En die akteurs maak goed daarvan gebruik. Die regie is deur Kathleen Stephens behartig. Die twee kultuslede saai regstreeks uit na hulle ondersteuners en die video-onderhoude word op die grootskerm agter hulle geprojekteer.

Dis 'n goed afgeronde produksie en die rituele is uitstekend choreografeer. Die stelinkleding, die manières en die rituele werk saam met die teks. Dit is juis die nieverbale aksie, saam met 'n baie goeie teks en afgeronde spel wat van die stuk 'n geslaagde en gebalanseerde produksie maak.

Dit was dalk net te lank en het net-net nie momentum behou nie, maar dit is maklik oorkombaar. Die twee akteurs het hulle uiters goed van hulle taak gekwyd.

Dis nie hoge teater nie, maar 'n genotvolle agteroorstiproduksie. – **Marchelle van Zyl**

Margo Kotze in Mos. “Ek is 'n thespian!” Dit het haar pa laat panic, tot hy agterkom dis nie dieselfde as 'n lesbian nie. FOTO: MARCHELLE VAN ZYL

'n cameo-verskyning gemaak het) in die gehoor. Maar Margo was nie van stryk nie. Intendeel, sy het ons só lekker laat lag, selfs die oop stoele het gevibreer.

Haar teks is skerp en gevat. Al is dit introspektief, is dit nie selfindulgent nie. Sy spot met haarself, die bedryf én ons vooropgestelde idees daarvan. Ek is bly ek het 'n halfuur afgestaan om my dag so te begin. Ons gaan vir Margo weer sien. Hou haar dop. Of soos die juffrou mos op haar Eisteddfod-sertifikaat geskryf het: “Sy kán.” – **Marchelle van Zyl**

Kos, wyn en nie-so-kaal Armand

Armand en Du Toitskloof kook kaal. 8 en 9 Maart om 19:30.

“Jy was toe reg,” sê ’n opgetofte vrou Woensdagaand vir haar man buite Die Khaya, haar teleurstelling sigbaar, “lyk my dit gaan eerder ’n geval van ‘Armand kóók kaal’ wees as ‘Armand kook káál.’”


Die man – stoutgat uitgeknipt, dié kan jy ’n myl ver sien – grinnik: “Ag, vir al wat jy weet, gooi hy vir jou ’n bonus-stripshowtjie ná die tyd... en as hy nie wil nie, sal ek!”

Omdat Armand Aucamp sedert November verlede jaar al sy eerste laekoolhidraatkookboek smous, en teen dié tyd waarskynlik de laaste flou grappie en grilliger innuendo moes hanteer, sê hy sommer met die intrapslag: “Welkom almal! Soos julle kan sien, kook ons hier kaal met klere aan. Jy kan nie eint-

lik méér verwag vir R180 nie, of hoe? Maar ons kan dalk ná die tyd praat...” En toe ’n man in reaksie hierop uitroep “Dis hoekom hier so baie vrouens is!”, vra die akteur nonchalant: “Nog steeds?” (Asof hy wou sê jy moet dalk Sondaes jou *Rapport* lees, Meneer...)

Die eerste druk van *Armand kook kaal* is uitverkoop, het hy vertel by die eerste jolige langtafel vir sowat 30 gaste wat hy en Ed Beukes van Du Toitskloof-wyne aanbied. Gelukkig is ’n herdruk van die boek reeds bestel en in Junie verskyn *Nude*, ’n versameling van sowat 50 winterse resepte in die boek wat in Engels vertaal is.

Dit was voorwaar ’n vrolike, intieme, informele kuieraand. Armand en Ed het deurentyd tussen die gaste beweeg, dikwels ’n stoel gegryp en gesels. Voordat



elkeen van die agt peuselhappies bedien is, het Armand verduidelik watter bestanddele dit bevat, en Ed het dan uitgewei oor die wynpasmaat wat hy daarvoor gekies het uit Du Toitskloof se premium-reeks. Die kos én wyn was heerlik.

Op die spyskaart was geroos-

terde Midde-Oosterse sade, voorgesit met die Quest MCC (100% chardonnay), gevolg deur ’n sogenaamde “kaas-en-kruiebekerbaksel” (’n fantastiese geurige brood gemaak met amandel- en klappermeel, kruie, mozzarella- en fetakaas en ’n eier, en jy kan dit sommer in ’n koppie bak) saam met Land’s End Sauvignon Blanc.

Hierop het gevolg haloumivingers met ’n lekker knoffelrige artisjokdoopsous en Du Toitskloof se Pinotage Rosé, en toe roomkaas-en-biltongballetjies saam met Land’s End Syrah, gemaak van druiwe uit die Elim-Agulhas-omgewing. (Terloops, die korrekte woord is eintlik bolletjies, maar soos Armand self sê: Hoe kan jy kaal kook sonder balletjies?)

Daarna is die laaste twee sout gange – ’n pikante papierkoppie

vol sampioensop saam met Dimension Red Blend, en lamsvleis-koftas (’n geurige frikkadel op ’n stokkie) met die Rhône-versnit Quest Heroes Journey 2 bedien. Die feesmaal is afgesluit met ketoklapperstafies, my gunsteling, voorgesit met ’n rooi muskadel, en sjokoladebruintjies, voorgesit met Cape Ruby Port.

Wees gewaarsku (tensy jy ’n tienerseun is met ’n lintwurm): Moet liefies nie voor die tyd aandete geniet nie – die happies is klein maar ryk, en saam met die wyn nogal vullend. Dit is uitstekende waarde vir geld – kyk of jy een van die laaste plekke kan opraap.

En wat die belustige egpaar in die ry betref: Al wat ek weet, is toe hulle daar uit is, was die man se boonste drie knope klaar los...

– **Johan van Zyl**

Isabella se ‘Duinhuis’: lees-, kyk-, hyg-, onthou- en kookboek

Bella se duinhuis. Leefstyl. Die Khaya. 7 Maart.

Was Die Khaya vanjaar ooit tjok-en-blokker as gister met Isabella Niehaus se gesprek met die “Franse” boerseuns Louis Janse van Vuuren en Hardy Olivier oor haar outobiografiese kosboek, *Duinhuis?*

Luidrugtig en lus, en van heinde en ver, het hulle gekom: boereboheme in fladderende

linnejurke, kwylende smulpape, sjiek styl- en nostalgievrate, bewonderaars, kookboekverslaafdes, Langtafel-op-die duin-veterane... almal mense wat weet met Bella in die omtes lyk alles mooier, smaak alles lekkerder, en is de laaste storie veel interessanter. Die gelukkige kwetterkoor is boonop getrakteer op ’n proeporsie van haar beroemde Weskus-mosselbototie en ook ’n skyfie sjokoladetert (albei

resepte verskyn in die boek).

“Maar Duinhuis is nie net kookboek nie,” het Louis begin. “Nee, dié publikasie hef die grense op tussen lees-, kyk-, hyg-, onthou- en kookboek en sorg vir ’n beroering diep in die gemoed.”

’n Paar interessante feite het in die driekwartier opgeduik:

• Hoewel Isabella as kind die kombuis vermy en eet gehaat het (sy het selfs haar broer Dolf omge-

koo om haar skooltoebroodjies te eet), kan sy al die smake, reuke en geure van haar kinderdae onthou.

• Die nou reeds legendariese Langtafeletes met berge oesters wat sy aanbied by haar huis (sonder enige kaste, gordyne of teëls) op Langebaan het ontstaan nadat ’n bruilof by haar huis gehou is en die spyse-nier só stormdronk geraak het dat Isabella moes inspring om vir die bruilofsgaste iets te ete te maak.

• Isabella se rekenaar is die nag van 28 Februarie 2017 gesteel, pas nadat sy die manuskrip voltooi het, en sy moes alles van voor af doen. Dit het haar ’n jaar geneem, maar sy meen die boek wat verskyn, is beter en minder emosioneel.

Volg die Facebookblad “Langtafel op die DUIN” om op die hoogte te bly van die etes en kook-klasse wat Isabella aanbied.

– **Johan van Zyl**



ZONNEBLOEM

Wine of Origin, Stellenbosch

CLASSIC, AWARD WINNING WINES



Not For Persons Under The Age Of 18.

Musiek

Min-in-haar-tabberd net lieflik

Min Shaw by Towerbosch. Leefstyl. Towerbosch. 6 Maart.

Elke mens het sy eie bucket list, 'n paar dinge wat hy wil beleef voordat hy hierdie ondermaanse onwillekeurig verlaat. In my geval het verskeie van hierdie begeerde belevings te doen met musiek – met kunstenaars van wie ek vertonings persoonlik wil beleef voordat ek koebaai sê vir ons ou wêreld.

Een daarvan is 24 jaar gelede vervul toe ek die Rolling Stones op Ellispark sien optree het. Boonop kon ek, nadat hulle "Satisfaction" uitgebeier het, beleef hoe die lieue tannie Eileen Steyn van Pinetown, voor wie ek grootgeword het en vir wie Mick Jagger nog altyd 'n droom was, langs my opmerk: "Nou kan ek in vrede sterwe."

Toe, 19 jaar gelede in Windhoek, was dit weer so toe nóg 'n musieklegende, Mimi Coertse, in die Nasionale Teater in Windhoek die gehoor vergas het op 'n vertolking van Jochem van Bruggen en S. le Roux Marais se "Heimwee". Onvergeetlik.

Woensdagaand by Towerbosch maak die Woordfees dit skeepsreg met die geleentheid om Min Shaw in die ouderdom van 84 te hoor



Min Shaw by Lizz Meiring ná hulle gesprek by Min Shaw: Die sprokie. FOTO: NATALIE GABRIELS

sing: treffers soos "Jy is my liefling", "Die wiel van geluk", "Die Heide-lied" en, les bes, "Ek is baie lief vir jou", asook "Tesame" en "Daar is niks soos ware liefde" saam met

haar jare lange duetmaat, Lance James – hulle sing reeds sedert 1968 saam! As toegif het Lance boonop die gehoor getraakteer met sy grootste treffer, "Dankie".

Die geleentheid was 'n bekendstelling van die pasverskene boek *Min Shaw: Sprokie van 'n Liefing*, wat deur Protea Boekhuis uitgegee word en hier by die fees te koop is.

Ons moet ons sangers van weleer in gedagte hou en op die hande dra. Ons moet put uit hulle ervarings van 'n wêreld wat verbygegaan het, en wie beter om vir Min en Lance te ondervra as die onnutsige, sjarmante en slim Nic de Jager, wie se vrae op soveel verskillende vlakke ingewerk het dat dit sommige van ons groot plesier verskaf het.

Min was vir die geleentheid geklee in 'n uitrusting só deftig dat dit slegs as 'n tabberd bestempel kan word, met 'n hoed wat getuig van jare lange selfvertroue wat deur die kollig gevorm is. Dit was verblydend om te verneem dat my persoonlike gunsteling uit al haar baie treffers – "Eenmaal verlief, altyd verlief" – ook háár gunstelingnummer is.

Uit haar optrede was dit duidelik dat sy oor die jare niks van haar professionele verhoogpersoonlikheid of haar behoefte om die Blye Boodskap te verkondig, ingeboet het nie.

Die herinneringe mag vervaag, maar wanneer haar stem wel die note van ouds geslaan het, het dit 'n diepe bevrediging gebring, waarvoor 'n mens sowel Min as die Woordfees opreg moet bedank. – **Jan-Jan Joubert**

MAAK SPIER JOU FAMILIEPLAAS



Bring jou hele familie saam na een van Stellenbosch se oudste wynplase. Ontspan in ons vierster hotel en kom proe van Suid-Afrika se mees bekroonde wyne. Eet vars groente uit die plaastuin by Eight Restaurant of geniet 'n gourmet picknick uit ons plaaskombuis.

www.spier.co.za

1692
Spier

NIE TE KOOP AAN PERSONE ONDER DIE OUDERDOM VAN 18 NIE.

Soliste, orkes mooi in voeling met mekaar

US Camerata. Klassieke musiek. Endlersaal. 6 Maart.

Dit is maar 'n tameletjie om 'n oorbekende stuk musiek aan 'n gehoor te bied. Goed, hulle gaan kom luister, want dit is iets wat hulle ken. Maar dan moet jy iets anders na die werk bring, anders kon hulle net-sowel hulle gunsteling-opname by die huis opgesit het.

Die US Camerata se konsert Woensdagaand in die Endlersaal is afgesluit met Mozart se bekende (en enigste) Klarinetkonsert, met die Hongaar László Kuti as solis. Hy woon in Duitsland, maar is 'n bedrywige kamermusiekspeeler en solis wat reg oor die wêreld optree.

László se interpretasie van Mozart se Klarinetkonsert val wel in die klas van 'n interpretasie wat iets nuuts bring. Hy speel met 'n sensitiewe aanslag wat 'n intimiteit vestig – en nie net in die stadige middeldeel nie.

Oor die afgelope paar dae van die Woordfees het ek al heelwat konserte in die Endlersaal beleef waarin die instrumentaliste so hard gespeel het; dalk was dit die akoestiek. Maar László se aanslag val op omdat hy met soveel sensitiwiteit en insig speel.

Die klank is soet en egalig, of dit nou hoë of lae note is. Hy bring beheerste pianissimo's na vore en 'n legatolyn wat enige instrumentalis jaloers sal maak.

Voor die pouse was die tjellis Peter Martens die solis in Haydn se Tjellokonsert in D majeure. Hy het met virtuositeit en hope energie hierdie werk saam met die Camerata vertolk. Sy aanvoeling vir die styl het vir 'n opwindende interpretasie gesorg.

Die Camerata self het deurgaans die soliste stewig ondersteun en hulle samespel was uitstekend, veral omdat albei concerti sonder 'n dirigent gespeel is. Die spelers was deurgaans in voeling met die soliste, wat van albei werke 'n luisterplezier gemaak het.

Om die program van Mozart en Haydn met 'n Suid-Afrikaanse werk te balanseer is Roelof Temmingh (1946–2012) se "Drie sonnette vir strykers" as opening van die konsert gespeel.

Leon Bosch, 'n Suid-Afrikaner wat in Londen woon en werk, het die Camerata hiervoor gedirigeer. Hy is bekend as kontrabasspeeler, maar maak reeds die afgelope paar jaar naam as dirigent, veral op eie bodem saam met die Camerata.

Temmingh se stuk, waarvoor hy die Helgaard Steyn-prys ontvang het, bestaan uit drie dele wat almal 'n misterieuse of sinistere aard het. Tog is dit heel luisterbaar en dit is 'n prikkelende werk.

Hierin het die strykers ook vir Bosch goed gevolg en gesorg dat die ritmies ingewikkelde frases ten beste uitgevoer is. – **Wayne Muller**

ink

REDAKSIE

Redakteur
Jacquette Kloppers
(jacquettekloppers@gmail.com)

Assistentredakteur
en hoofotograaf
Nardus Engelbrecht

Uitleg en produksie
Johnn-Grant Munro

Teksredakteurs
Susan Booyens
Peter van Noord

Fotograaf
Natalie Gabriels

Skrywers
Willem Bester
Jo-Ann Floris
Marina Griebenow
Jan-Jan Joubert
Wayne Muller
Jo Prins
Johan van Zyl
Marchelle van Zyl

Produksie-assistent
Janneke van Zyl

WOORDFEES-KANTOOR

Adres Erfurthuis,
Ryneveldstraat 37, Stellenbosch.
Navrae Bel die feeskantoor
by 021 886 5036 of besoek
www.woordfees.co.za
Aanlyn Besoek die Woordfees
se Facebookblad by
facebook.com/woordfees/



Adverteer NOU in
ink
Bel 083 303 6117

DANKIE OP 'N PLANKIE

Met dank aan **Jan en Pippa Louw**
en Humarga vir tegniese dienste,
toerusting en infrastruktuur.
Ook baie dankie aan:
Die Laan 40
Caledon Villa
Coronata 20



LEES LANDWYD SAAM
'n Elektroniese weergawe
van INK is elke dag ná 15:00
besikbaar op Litnet
www.litnet.co.za

Feesnuus

Hier's nog kaartjies beskikbaar!

VANDAG

- **Johnny Boskak** Adam Small-laboratorium, 10:00
- **Lepeltjie vol snare** Weltevreden-restaurant-teater, 13:00
- **Klip kween** Adam Small-laboratorium, 13:00
- **Slim se baas** Adam Small-ouditorium, 14:30
- **Die bul die wil nie** Hoërskool Lückhoff, 15:00
- **Babbelagtig** Stadsaal, 15:00
- **Die tronkgesprekke** ATKV-Boeketent, 15:30
- **Ou Blou** kykNET Hoërskool Stellenbosch, 16:00

- **20/20 – Met 'n kelkie** Drostdy-teater, 17:00
- **Klippe wat val** Hoërskool Cloeteville, 18:00
- **Early B** Jan Marais-natuurreservaat, 18:30
- **Boekklub: Martie Meiring met Joanna Trollope** ATKV-Boeketent, 18:45
- **Carpets** Adam Small-laboratorium, 19:00
- **Barry Hilton & Bennie Fourie** Visuelekunste-gebou se vierkant, 20:00
- **Uit die bloute** Stadsaal, 20:00
- **Die gangsters** Hoërskool Cloeteville, 20:30

- **SAMSON** Rhenish Girls' High School, 20:30
- **Jazz in the Quad: Ramon Alexander & Band** Visuelekunste-gebou se vierkant, 21:30
- MORE**
- **Gaan die NG Kerk onder?** ATKV-Boeketent, 09:00
- **Babbelagtig** Stadsaal, 09:30
- **DEURNIS een-tot-een: Pakket 3 & 4** s.b.w., 10:00
- **Veelvoud van bestaan** kykNET Fisser, 10:00
- **As sy weer kom** Adam Small-seminaar-kamer, 11:00
- **Rocket Boys** Adam Small-

- laboratorium, 12:00
- **Onweer** Hoërskool Lückhoff, 13:00
- **Hot Noot*** ATKV-Boeketent, 14:00
- **Digtersparadys** ATKV-Boeketent, 17:00
- **Rokkie** Hoërskool Cloeteville, 20:30
- **Slim se baas** Adam Small-ouditorium, 20:00
- **Schalk Bezuidenhout: Snorseun** Stadsaal, 20:00
- **Ons is nie almal so nie** Hoërskool Lückhoff, 20:30
(Laai die Woordfees-app af vir meer inligting.)

L'AVENIR
STELLENBOSCH

*Trots Suid-Afrikaans,
met 'n tikkie Franse sjarme.*

L'Avenir Wynlandgoed is
'n Stellenbos boetiek Pinotage &
Chenin Blanc spesialis.

Besoek die Cellardoor proelokaal
op L'Avenir Wynlandgoed
tydens
die **2019 Woordfees**
vir 'n fynproewer kaas & wyn ervaring
R80.00 / persoon

Instagram, Facebook, Twitter icons

021 889 5001 | info@lavenir.co.za | www.lavenirestate.co.za

Skrywersfees

Karina, André se e-posse word vlees

Our Love Letters.
ATKV-Boeketent. 6 Maart.

Min mense het nié 'n mening oor die ontslape skrywer André P. Brink nie. Die meeste het natuurlik al van sy boeke gelees, tot so ver terug as 'n *Oomblik in die wind*, en oor die jare sy lewe en fiksie gevolg regdeur tot by sy memoires, 'n *Vurk in die pad*.

Nie te lank gelede nie was daar boonop die bohaai oor of hy 'n geskikte ontvanger was van die gesogte Jan Rabie en Marjorie Wallace-beurs om hom finansiële by te staan in sy navorsing vir die roman *Philida*.

Benewens die feit dat mense Brink in dieselfde asem as wêreldklas skrywers soos Gabriel García Márquez noem en hy as Sestiger saam met mense soos Breyten Breytenbach en die einste Jan Rabie op die voorgrond was, was dit natuurlik sy ánder lewe wat hom op 'n manier net soveel in die koolig geplaas het.

Nie te lank gelede nie het *Vlam in die sneeu* by Umuzi verskyn met die liefdesbriewe tussen hom en die digter Ingrid Jonker.

Kort daarna verskyn *The Fifth Mrs Brink* deur Karina M. Szczurek by Jonathan Ball, en einde verlede jaar *You Make Me Possible*, ook deur Karina by Protea Boekhuis. (Dit is waaroor dié praatjie eintlik gaan...)



Maar nog is het einde niet! Eersdaags, waarskynlik in Mei, verskyn *The Love Song of André P. Brink*, 'n biografie deur Leon de Kock, by Jonathan Ball.

Dit wil dus lyk of daar opnuut weer belangstelling is in die skrywer Brink, maar veral die vleesen-bloed Brink. Geen uitgewer wil uitmis nie – en dikwels is daar omstredenheid in die lug... En dit bring my by die liefdesbriewe tussen Karina en André soos saamgebund in *You Make Me Possible* – en die onopgesmuktheid van dié vrou val my opnuut op.

Daar is mense wat meen Karina ry die golf van bekendheid op André se wapperende pante, maar dis gewoon nie die indruk wat ek kry nie.

My gevoel is – en dit is keer op

keer wanneer ek na haar luister by praatjies – dat hierdie 'n liefdes-taak is.

Hierdie woorde wat sy soos vlinders versigtig deur hulle rûe speld en in die vertoonkas tussen blaai bewaar, is niks minder nie as 'n monument vir haar geliefde.

En die woorde in *You Make Me Possible*, die heen-en-weer e-posse tussen die twee, het uiteindelik vlees geword.

Die woorde was die voorloper tot nuwe vuur in André P. Brink se lewe, en 'n nuwe wêreld en nuwe lewe vir Karina hier in Suid-Afrika.

In die gesprek tussen die skrywer en ouduitgewer Kerneels Breytenbach en Karina Woensdagmiddag was daar amper 'n teerheid aan hoe hy haar getakseer het.

“Karina,” het Kerneels gevra, “die titel, *You Make Me Possible*, is werklik intriguig. Vertel ons hoe dit ontstaan het.”

Dan antwoord sy: “Ek onthou hoe ek aan die begin bekommerd was en vir André gesê het baie kreatiewe mense is nie só kreatief soos hulle kan wees wanneer hulle gelukkig is nie.

“Is jy seker ons liefde sal goed wees vir jou skryfwerk?”

“Maar hy het my altyd die versekering gegee: Ja, natuurlik. Ek kan onder enige omstandighede skryf, maar dis natuurlik beter om te skryf én verlief te wees.”

Maar, sê Karina, hoewel hulle



Karina M. Szczurek:
“‘You make me possible’ is eintlik my frase.”

albei skrywers is en dikwels mekaar se werk gelees het, dink sy nie sy het literêr gesproke veel van 'n impak op André gemaak nie.

“Maar ‘you make me possible’ – daardie frase – kom in der waarheid van my af, al verskyn dit in een van André se boeke.

“Dit is iets wat in ons eerste jaar saam uitgekome het...”

Dan sê Kerneels: “Dit is 'n klinkende frase... en dis een van die dinge wat 'n mens oor die jare heen van André geleer het: Hy was altyd op soek na 'n klinkende frase.”

You Make Me Possible is 'n intieme blik op groot, allesomvattende liefde – iets wat baie mense ontwyk. – **Jo Prins**

Dié drie wys SA misdadefiksie bewéég

Nuwe bloed. Adam Small-seminaarkamer. 6 Maart.

Die naam van dié item op die program kan misleidend wees: Want die gesprek is tussen twee jong debutant-romansiers en een deurwinterde meester.

Die driemanskap – Jo Nel, Beyers de Vos en Rudie van Rensburg – was Woensdagmiddag in die intieme opset van die Adam Small-seminaarkamer in gesprek met hulle medeskrywer Carina Diedericks-Hugo.

Die boeke wat onder bespreking gekom het, was natuurlik *Jo se Die hond wat ophou blaf* het en Beyers se *Wrok*, wat verlede jaar verskyn het, en Rudie se pasverskene *Medusa*.

Telkens wanneer Carina die drie here oor hulle boeke en die skryfproses uitgevra het, het Rudie se basstem in die lug bly hang. Dit was asof die twee debutante – en tereg so – besig was om hulle eie notas te neem wanneer Rudie praat.

Jo, 'n tandarts, was sigbaar huiwerig vir die gesprek oor sy boek




waarin 'n Port Elizabethse tandarts se kop uithaak.

En 'n mens kon omtrent sien hoe werk die ratte in die jong Beyers se brein om die woorde voor stok en in sinne te kry – saam met sy hande wat help sin maak. Sy, *Wrok* is, net soos Jo se *Die hond*, goed ontvang.

Toe die 67-jarige Rudie sy werkswyse vir Carina verduidelik, het van die mense in die gehoor se mond letterlik oopgehang.


Uit Rudie se pen verskyn daar



sedert 2013 met *Slagyster* elke jaar 'n Kassie Kasselmann-boek, en een jaar – 2017 – selfs twee.

“Ek probeer 'n baie geroetineerde skryfdissipline handhaaf. Ek gaan sit soggens om 07:00 – nadat ek van 05:00 af my koerant gelees, koffie gedrink en, toe ek nog 'n hond gehad het, 'n bietjie met hom rondgeloop het.

“Dan skryf ek van 07:00 tot so 14:00, deesdae vyf dae per week. En dan vat ek af. Saans doen ek navorsing vir 'n volgende boek.”



Rudie vertel hy neem tussen boeke 'n week af, en dan begin die hele proses weer van vooraf. Wanneer hy dus weer begin skryf aan 'n volgende boek, is die navorsing reeds in die sakkie.

Medusa, Rudie se jongste boek, is die donkerste Kassie Kasselmann tot dusver. Hy pak hierin issues soos mensehandel en pedofilie... iets wat hom duidelik uit sy gemaksone gehaal het.

Die jong Beyers het weer vertel hoe hy aan die voete van Etienne

van Heerden gesit het gedurende 'n kursus in kreatiewe skryfwerk by die Universiteit van Kaapstad, en hoe dié proses vir hom oneindig baie beteken het.

“Dit was die enigste manier hoe ek die dissipline gehad het om te sit en 'n boek te skryf... jy weet jy kry iets; jy kry agterna 'n graad. Ek is baie luier as Rudie.”

Beyers se *Wrok* is een van min misdadefiksieboeke die afgelope ruk wat die stad Pretoria as gegee – of moet 'n mens eerder sê “karakter” – inspan.

Jo, die tandarts, vertel die interessante verhaal hoe hy “tussen twee pasiënte” op die idee vir sy boek afgekome het.

“Ek het baie min geplot... byna niks nie. Ek het so half 'n gevoel gehad van die rigting wat die storie moet ingaan, en ek het altyd geweet wie ek dink is goed en sleg.”

As 'n mens na dié drie kyk, is dit duidelik dat misdadefiksie in Suid-Afrika aan die bewéég is.

Maar dis seker ook te wagte. Ons fiksie sukkel om by die werklikheid ter plaatse kers vas te hou. – **Jo Prins**

'1Recce' gaan nié oor politiek

1Recce. Skrywersfees. ATKV-Boeketent. 1 Maart.

Recces ly nie aan posttraumatische stres nie. In die begin is die bos die vyand, maar later word dit 'n moederfiguur vir jou. En jy praat nooit uit nie. Absolute geheimhouding. Dis die Kode.

Tot nou toe.

Dr. Alexander Strachan, skrywer, akademikus en oud-Recce in die Grensoorlog, en prof. Fransjohan Pretorius, emeritusprofessor in geskiedenis en kenner van die Anglo-Boereoorlog, ken mekaar al jare. Vrydagmiddag in die Boeketent het dié twee fassinerend gesels oor Zander se nuwe boek, *1Recce*, oor die stigting en beginjare van dié legendariese en dodelikste spesialiseenhede in die ou weermag, maar ook waarom die stilsweye oor hulle onsigbare operasies agter vyandelike linies nou vir die eerste keer verbreek word.

Volgens Fransjohan was daar 30 jaar ná die Anglo-Boereoorlog 'n ontploffing van werke oor die oorlog. "Dit is nou ook byna drie dekades ná die beëindiging van die sogenaamde Bosoorlog. Is daar 'n vergelyking in die verskynsel?"

Dalk, meen Zander, maar die verskil is: Daardie oorlog is nooit in die geheim gevoer nie. In die geval van die Grens- of die Bosoorlog (albei met 'n hoofletter gespél, volgens hom) is dit meer in die geheim gevoer as wat die Boereoorlog was. "Daar was soort van 'n kode tussen die mense: Jy praat nie uit oor die Grensoorlog nie. Daai kode het baie, baie jare geduur, en toe, ewe skielik, kon al hierdie stemme wat daardie oorlog meegemaak het, nie meer stilbly daarvoor nie, en het daar 'n klomp publikasies tegelyk verskyn, onder meer *Die buffel struikel: 'n Storie van 32 Bataljon en sy mense* van Louis Bothma.

"Dit was juis in daardie tyd wat die bevelvoerders van 1Recce, James Swart en André Bestbier, my na 'n vergadering ontbied en gesê het: Hoor hierso, jy moet



Alexander Strachan en Fransjohan Pretorius. FOTO: GERRIT RAUTENBACH

hierdie ding nou vir ons boek-staaf. Jy moet die stigterslede gaan soek, jy moet vir oom Trevor Floyd gaan soek – wat vandag hier in die gehoor sit – jy moet Jan Breytenbach besoek, jy moet die hele lot kry. Malcolm Kinghorn, al die ou stigterslede, nou, en dit is redelik dringend.

"Hierdie werk is dan in der waarheid 'n opdragwerk. Maar terwyl ek dit begin skryf het, het ek gesien dit is onmoontlik om al die feite in een boek in te pas; nou word dit meer as een volume. Ewe skielik wil almal wat iets te sê het oor die oorlog dit sê, en ek dink dit het ook met die ouderdom te make. Dit is die laaste kans wat die ouens kry om hulle sê te sê."

1Recce handel net oor die eenheid se geskiedenis van 1972 tot in 1977; hy werk tans aan volume twee en drie.

Fransjohan vra oor die subtitel: *Die nag behoort aan ons*.

"Die Recces het net in die nag beweeg. Die spanne was te klein gewees; dit was viermanspanne en dalk, as dit 'n groot span was, agt. Jy kon dus nie in die dag beweeg nie, want die opponerende mag was honderde sterk gewees en dit is fataal om in die dag te beweeg. In die dag lê jy in die oplêplek, en snags beweeg jy; dis jou grootste vriend, want dan is jy onsigbaar. Jy sien met al jou sintuie."



Die woord Recce kom van die Engels "reconnaissance" af – in Afrikaans Verkenningsspan.

"In die begindae het die naam Recce nie die gelade betekenis gehad wat oor die jare ontwikkel het nie. In my dae het jy nooit daai woord gebruik nie. Jy was 'n lid van die Verkenningsspan."

Vir sy bronne het Zander nie "die maklike uitweg gekies om na 'n argief te gaan en die verslae oor te skryf" nie. Hy het na die mense gegaan wat in die operasie was en aantekeninge gehou het.

Fransjohan wonder of daar nie 'n subjektiwiteit is wat insluip by so 'n gesprek nie: 'n ou probeer homself verontskuldig "en nou plaas hy die blaam elders".

Maar Zander vertel die oud-Recces wou deur die bank nooit van hulleself die helde maak nie. "Hy het altyd die ou langsaan, sy buddy, die krediet gegee."

Volgens Fransjohan lees die boek ongelooflik aangrypend.

Zander sê: "Dis nie veronderstel om 'n proefskrif te wees nie; dis 'n vertelling deur die mense wat daár was."

1Recce is opgedra aan die legendariese kol. Jan Breytenbach, wat volgens Zander die mees enigmatiese mens is. "En daarmee bedoel ek die onverstaaanbaarste, broeiendste en veral kompleksste figuur wat ek nóg ontmoet het. Hy gryp die verbeelding aan."

Waarom het die sukses van *1Recce* gelê, vra Fransjohan.

In die inoefening. "Vir selfs net een minuut op die teiken kon die voorbereiding tot ses maande geduur het. Dit was soos vir 'n konsert waarvoor jy by herhaling geoef het."

Hulle kon gedurende operasies op geen buitehulp staatmaak nie.

Oor die rol van die bos vertel hy wanneer iemand die eerste keer daaraan voorgestel word, ervaar hy die bos as vyandig.

"Maar met die tyd begin jou ingesteldheid verander en die bos raak al hoe vriendeliker. Die bos word op 'n manier later vir jou soos 'n moederfiguur."

Veral die beskrywing van die uitmergelende keuringsproses het die gehoor geboei – volgens Zander het minder as 10% van die reeds uitgedunde kandidate dit gemaak, maar onmiddellik ná die aftakelingsproses "was die senior lede weer daar om jou op te bou". Dit was in totaal minder as 100 man as jy almal getel het. *1Recce* was die moedereenheid, opgedeel in vyf eenhede.

Die vrou van die verkenningssoldate het die heelyd in groot onsekerheid gelewe – "niemand kon sê waar gaan hulle heen nie" – en daarom was dit altyd 'n totale verrassing wanneer hulle die gedreun van die vliegtuig hoor en die ouens terugkeer.

"Maar daar het 'n enorme taak op die vrou se skouers gerus; hulle moes tuis alles doen."

Daar's ook ligter staaltjies: Die vroeë Recces was "baie stout" gewees – soos die poëts met Kleinkoos, die rob, op Oudtshoorn, een van daai waarvoor jy die boek sal moet lees. Die arme wag wat die rob sien verby waggel, is op aanklag van dronkenskap in hegtenis geneem!

Fransjohan maak die stelling "die politiek is geensins deel van jou beskrywing nie – dit raak jou nie", waarop Zander reageer: "Dit raak my in persoon wel, maar ek moes besluit wat is die doel van die boek. Dit is nie 'n akademiese werk nie. Verder is dit nie 'n militêre doktrine of leerstelling nie. Die boek neem geen politieke standpunt in nie. Dit is 'n vertelling van die wel en wee van die mense van *1Recce* wat operasies gedoen het."

Op 'n vraag of van die Recces destyds en selfs vandag nog posttraumatische stres beleef, is Zander onversetlik: "Die uitgangspunt is dat daar nie so iets in ons geledere bestaan nie. Dit word gegrond op die goeie opleiding, dat die mense voorbereid was op wat hulle moes doen, en al die harde kursusse en werk wat vooraf ingesit is om 'n individu te bou. Ons glo dit bestaan nie onder ons nie." – Susan Booyens

ROBERTSON WYNVALLEI BIED AAN

WACKY WINE WEEKEND

ASHTON | BONNIEVALE | MCGREGOR | ROBERTSON

7-9 JUNIE '19

KAARTJIES BY
howler

WEN
'N NAWEEK
NA WACKY WINE!
SKRYF IN
AANLYN!

Proe die leefstyl!

WACKYWINEWEEKEND.COM

EVENTS@ROBERTSONWINEVALLEY.COM | 023 626 3167 |

ELKE WOORD IS 'N

MEESTER- STUK.

Lirieke.

Dis meer as ritmiese rympies.

Dis woorde,

metafore,

kore.

Geskaaf en geskuur.

Gevorm en hervorm
soos kleuterskoolklei.
Tot servetskribbels na pennevrug lei.
Gedistilleer.
Filtreer.
Masseer.
Tot laatnag.
Tot die son opkom.
Tot ons saamsing.
Almal saamsing.

Elke woord is 'n meesterstuk.

Sanlam bied met trots aan die 2019 Musiekfees
by die US Woordfees. 1-10 Maart.

